

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:
Ds. Martiens Swart – 31 Januarie 2021**

Skriflesing: Psalm 37:4 (2020-Vertaling)

Tema: "Vind, SELFS NOU, jou Vreugde in die Here"

"Vind jou Vreugde in die Here, dan sal Hy jou gee wat jou Hart begeer"

1. Sonder God, geen ware menswees

Ons is geskape om onlosmaaklik verbonde aan ons Skepper en Verlosser te lewe. Hy is die fontein van die ware lewe... los van Hom en sonder Hom kan ons nie waarlik lewe nie. Net so min soos 'n druieweloot los van 'n druiewestok kan lewe en vrug dra.

"Goddeloses sal ten gronde gaan..." (Psalm 37:20a)

"Die Here sorg vir die lewe van die opregtes" (Psalm 37:18a)

2. Met God, Lewe en Vreugde

Vgl Psalm 1:1-6; Psalm 37:3-5; Handeling 20:19-20; Kolossense 2:6-10; en Filippense 4:4-7

Duidelik, oral in die Bybel, word aangedui: Verbondenheid met die Here laat jou waarlik lewe met 'n Vreugde.

3. Om God jou God te laat wees... dan volg jou Betekenisvolle Lewe

Om God jou God te laat wees word verskillend gestel in verskillende Bybelgedeeltes.

Lees bv Matteus 6:33; Filippense 3:7-10; Psalm 73:23-30; Psalm 37:4

4. Psalm 37:4

Vreugde, SELFS NOU

Vind jou Vreugde IN DIE HERE

DAN sal Hy jou gee wat jou hart begeer! (vgl 2020 Vertaling)



5. Om jou Vreugde in die Here te vind

- Persoon tot Persoon in aanraking wees (Jak4:8)
- Ontdek WIE Hy is en HOE Hy is (Psalm 46:11) (Johannes 17:3)
- Maak iets daarvan (meer as kennis neem) tot jou hart geraak is (Fil 4:4)

6. Die Soort Vreugde wat in die Here te vinde is

Dit gaan nie oor lekker en gemaklik nie!

‘n Onaantasbare Vreugde :

oor Wie Hy is en my gemeenskap met Hom; Perspektief en Sy liefdevolle hulp

Die Vreugde is saamgestel uit: Vrede, Te-Vredenheid, Vervuldheid, Hoop en Dankbaarheid

7. En kyk hoe gee Hy die Begeerstes van jou Hart

Jou Vreugde eers in Hom gevind, verander jou hartsbegeertes

En Hy gee dan dat jy sinvol en vreugdevol verder lewe, te midde van alles wat gebeur.

Dankoffer:

Snapscan:



NG Wonderpark.

Absa Tjekrekening 1460165489

Takkode:632005

Verwysing: Dankoffer

